CBE International

serving God by giftedness, not by gender

Mans, Vroue en Bybelse Gelykheid

deur Christene Vir Bybelse Gelykheid

Die Bybel leer die volle gelykheid van mans en vroue in die Skepping en Verlossing verhaal (Gen 1:26–28, 2:23, 5:1–2; I Kor. 11:11–12; Gal 3:13, 28, 5:1).

Die Bybel leer dat God Homself in die totaliteit van die Skrif geopenbaar het, die gesaghebbende Woord van God. (Mat. 5:18; Joh. 10:35; 2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:20–21). Ons glo dat die Bybel op ‘n holistiese en tematiese wyse geïnterpreteer moet word. erken ook dat dit noodsaaklik is om ‘n onderskeiding tussen inspirasie en interpretasie te maak: inspirasie met betrekking tot die goddelike impuls en beheer waardeur die volle kanoniese Skrif die Woord van God is; interpretasie met betrekking tot die menslike aktiwiteit waardeur ons probeer om openbaringswaarheid in harmonie met die totaliteit van die Skrif en die leiding van die Heilige Gees te verstaan. Christene moet voortdurend hul geloof en praktyke onder die soeklig van die Bybel bring om waarlik Skrifgetrou te wees.

Bybelse Waarhede

Skepping

1. Die Bybel leer dat beide man en vrou in die beeld van God geskape was, het ‘n direkte verhouding met God gehad en deel gesamentlik die verantwoordelikheid om kinders voort te bring en groot te maak, en dat albei heerskappy oor die skeppingsorde het
   (Gen. 1: 26–28).
2. Die Bybel leer dat vrou en man vir volle en gelyke venootskap geskape was. Die woord “helper” (ezer) wat in Genesis 2:18 gebruik word om die vrou aan te wys, verwys in die meeste gevalle na God in die Ou Testament. Gevolglik dra die

woord absoluut geen implikasie van vroulike ondergeskiktheid en minderwaardigheid oor nie.

3. Die Bybel leer dat die vorming van die vrou uit die man die fundamentele eenheid en gelykheid van mense demonstreer. In Genesis 2:28, 20, dui die woord “geskik” (kenegdo) op gelykheid en toereikenheid.
4. Die Bybel leer dat man en vrou albei deelname in die Sondeval gehad het: Adam was nie minder skuldig as Eva nie (Gen 3:6; Rom. 5:12–21; I Kor. 15:21–22).
5. Die Bybel leer dat Adam se heerskappy oor Eva die gevolg van die Sondeval was, en was daarom nie deel van die oorspronklike skeppingsorde nie. Genesis 3:16 is ‘n voorspelling van die gevolge van die Sondeval eerder as God se voorgeskrewe, ideale orde.

Verlossing

6. Die Bybel leer dat Jesus Christus gekom het om beide vroue en mans te verlos. Deur geloof in Christus word ons almal kinders van God, een in Christus, en erfgename van die seêninge van verlossing, sonder verwysing na rasse — sosiale — en geslagsonderskeidings (Joh. 1:12–13; Rom. 8:14–17; 2 Kor. 5:17; Gal. 3:26–28).

Gemeenskap

7. Die Bybel leer dat die Heilige Gees met Pinkster op mans en vroue neergedaal het. Die Heilige Gees woon in mans en vroue, sonder enige onderskeiding, en begaaf gelowiges op dieselfde soewereine wyse, sonder om enige voorkeur aan een geslag bo die ander te skenk (Han. 2:1–21; 1 Kor. 12:7, 11, 14:31).
8. Die Bybel leer dat mans en vroue beide geroep is om hul geestelike gawes te ontwikkel en om dit te gebruik as rentmeesters van die genade van God. (1 Pet. 4:10–11) Beide mans en vroue is goddelik begaafd en bemagtig om die hele Liggaam van Christus onder Sy gesag te bedien. (Hand. 1:14, 18:26, 21:9; Rom. 16:1–7, 12–13, 15; Fil. 4:2–3; Kol. 4:15; verwys ook na Mar.15:40–41, 16:1–7; Luk. 8:1–3; Joh. 20:17–18; vergelyk ook Ou Testament voorbeelde: Rig. 4:4–14, 5:7; 2 Kron. 34:22–28; Pred. 31:30–31; Mig. 6:4).
9. Die Bybel leer dat vroue, sowel as mans die profetiese, priesterlike en koninklike funksies in die Nuwe Testament-bedeling beoefen. (Han. 2:17–18, 21:9; 1 Kor. 11:5; 1 Pet. 2:9–10; Ope. 1:6, 5:10). Daarom moet die paar geïsoleerde teksverse wat wil voorkom asof dit die algehele verlossingsvryheid van die vrou beperk, nie op ‘n vereenvoudige wyse geïnterpreteer word nie, en is teenstrydig met die res van die Bybel, maar moet die oorkoepelende leringe van die Skrif in

ag neem en hul verhouding met die konteks van die Skrif geïnterpreteer word (1 Kor. 11:2–16, 14:33–36; 1 Tim. 2:9–15).

10. Die Bybel definieer leierskap as die bemagtiging van andere vir bediening, liewer as om mag oor hulle te beoefen (Mat. 20:25–28, 23:8; Mk. 10:42–45; Joh. 13:13–17; Gal. 5:13; 1 Pet. 5:2–3).

Gesin

11. Die Bybel leer dat mans en vroue saam mede-erfgename van die genade van lewe is en dat hulle gebonde is in ‘n verhouding van wedersydse voorlegging en verantwoordelikheid (1 Kor 7:3–5; Ef. 5:21; 1 Pet. 3:1–7; Gen. 21:12). Die man se funksie as “hoof” (kephale) moet verstaan word as self-gewende liefde en diens in hierdie verhouding van wedersydse voorlegging (Ef. 5:21–33; Kol 3:19; 1 Pet. 3:7).
12. Die Bybel leer dat beide moeders en vaders leierskap in die koestering, opleiding, dissipline en lering van hul kinders moet beoefen (Ek. 20:12; Lev. 19:3; Deut. 6:6–9, 21:18–21, 27:16; Pred. 1:8, 6:20; Ef. 6:1–4; Kol. 3:20; 2 Tim. 1:5; sien ook Luk. 2:51).

Aanwending

Gemeenskap

1. Die kerk moet die geestelike gawes van vroue en mans erken, ontwikkel en gebruik op alle betrokkenheidsvlakke van bediening en leringsbedieninge: as kleingroep-leiers, beraders, fasiliteerders, administrateurs, bodes, nagmaal-bedieners en raadslede, sowel as in pastorale sorg, lering, prediking en aanbidding.

As die kerk dit doen, eer dit God as die bron van geestelike gawes. Die kerk sal dan ook God se mandaat van rentmeesterskap vervul sonder dat die Koninkryk verskriklike verliese ly wanneer die helfte van die kerk se lede uitgesluit word van posisies van verantwoordelikheid.

2. Openbare erkenning moet ook aan beide mans en vroue gegee word wat diens- en leierskapsbedieninge beoefen.

As die kerk dit doen, sal dit eenheid en harmonie demonstreer wat die kenmerke van ‘n gemeenskap van gelowiges behoort te wees. I ‘n wêreld wat gebroke is deur diskriminasie en segregasie, sal die kerk haarself disasosieer van wêreldse en

heidense praktyke wat ontwerp is om vroue minderwaardig oor hul vroulikheid te laat voel. Dit sal keer dat hulle die kerk verlaat en/of die Christelike geloof te verwerp.

Gesin

3. In die Christelike huis, moet man en vrou aan mekaar voorkeur gee sodat elkeen se voorkeure, begeertes en aspirasies vervul kan word. Huweliksmaats moet nie daarop uit wees om mekaar te domineer nie, maar moet mekaar in nederigheid dien en een en die ander belangriker as self ag. In die geval van ‘n beslissende dooiepunt, moet hulle uitsluitsel kry deur Bybelse metodes van konflikresolusie aan te wend, eerder as om toe te laat dat een huweliksmaat ‘n besluit aan die ander opdring.

As hulle dit doen, sal man en vrou help dat die Christelike huis beskerm word teen die onbehoorlike gebruik van mag en outoriteit deur huweliksmaats en sal die tuiste ook beskerm word teen vroue- en kindermisbruik wat soms die tragiese gevolge is van ‘n hiërargiese interpretasie van die man se “hoofskap”.

4. In die Christelike tuiste, moet huweliksmaats leer om die verantwoordelikhede van leierskap te deel op grond van gawes, kundigheid en beskikbaarheid, en die huweliksmaat wie die besluit die meeste gaan affekteer, in ag neem.

As hulle dit doen, sal huweliksmaats leer om hul bevoegdhede en komplementariteit te respekteer. Dit sal voorkom dat een huweliksmaat altyd aan die verloorkant is, en kruiperige of bedrieglike manipulasie te moet beoefen om hul selfbeeld te beskerm. Deur hul huwelik op ‘n vennootskapbasis te vestig, sal die huwelikspaar dit beskerm teen die gety van dooie of gebroke huwelike wat uit ongelykhede in die huwelik spruit.

5. In die Christelike tuiste, moet paartjies wat ‘n leefstyl deel in die vryheid wat hulle in Christus vind, dit doen sonder om skuldgevoelens te ervaar of om toevlug tot huigelary te neem. Hulle is vrygestel om uit ‘n onbybelse “tradisionalisme” na vore te tree en kan hulself verbly in hul wedersydse aanspreeklikheid in Christus. As hulle dit doen, sal hulle hul gehoorsaamheid aan die Skrif openlik uitdruk, en hulle sal ‘n voorbeeld wees vir ander pare se soeke na vryheid in Christus, en sal dan standpunt inneem teen die patrone van dominasie en ongelykheid wat soms op die kerk en gesin ingestel word.

Ons glo dat Bybelse gelykheid soos uiteengeset in hierdie dokument ten volle getrou aan die Skrif is.

Ons staan verenig in ons oortuiging dat die Bybel in sy totaliteit die bevrydende Woord wat die mees effektiewe wyse voorsien vir vroue en mans om hul gawes wat deur die Heilige Gees gegee was, te beoefen en God sodoende te dien.

Gilbert Bilezikian
W. Ward Gasque
Stanley N. Gundry
Gretchen Gaebelein Hull
Catherine Clark Kroeger
Jo Anne Lyon Roger Nicole

Onderskryf deur: Miriam Adeney, Astri T. Anfindsen, Timothy Paul Allen, James Alsdurf, Phyllis Alsdurf, John E. Anderson, Patricia W. Anderson, Carl E. Armerding, Myron S. Augsburger, Raymond Bakke, Sandra Bauer, James Beck, Virginia L. Beck, Elizabeth Bell, Roy D. Bell, David G. Benner, Gordon C. Bennett, Joyce R. Berggren, Char Binkley, Sandra Bostian, Mark A. Brewer, Bettie Ann Brigham, D. Stuart Briscoe, Kathleen K. Brogan, James A. Brooks, Beth E. Brown, H. Marie Brown, F. F. Bruce, Cheever C. Buckbee, David H. Burr, Donald P. Buteyn, Anthony Campolo, Linda Cannell, Daniel R. Chamberlain, Caroline L. Cherry, Jack M. Chisholm, Gerald Christmas, Rosemary Christmas, David K. Clark, Shirley Close, Bonnidell Clouse, Robert G. Clouse, David W. Clowney, Naomi C. Cole, Mark O. Coleman, Jim Conway, Sally Conway, Kaye V. Cook- Kollars, C. S. Cowles, R. Byron Crozier, Peter H. Davids, Edward R. Dayton, Paul H. De Vries, Sidney De Waal, J. Jey Deifell, Jr., John R. Dellenback, Mary Jane Dellenback, Gary W. Demarest, Dolores Dunnett, Walter Dunnett, Charlotte Dyck, James F. Engel, C. Stephen Evans, Colleen Townsend Evans, Louis Evans, Gabriel Fackre, Gordon D. Fee, John Fischer, Patrice Fischer, David B. Fletcher, Joan D. Flikkema, David A. Fraser, Nils C. Friberg, Donn M. Gaebelein, Kevin Giles, Alfred A. Glenn, Barbara R. Glenn, Arthur A. Goetze, Tita V. Gordovez, Lillian V. Grissen, H. James Groen, Vernon Grounds, Darrell L. Guder, Lee M. Haines, Robin Haines, Richard C. Halverson, Sandra Hart, Stephen A. Hayner, Jo Ellen Heil, Betty C. Henderson, Robert T. Henderson, John J. Herzog, Bartlett L. Hess, I. John Hesselink, Roberta Hestenes, Janet S. Hickman, Marvin D. Hoff, Colleen Holby, Arthur F. Holmes, Beverly Holt, Carol D. C. Howard, David Allan Hubbard, M. Gay Hubbard, Anne Huffman, John Huffman, Philip G. Hull, Sanford D. Hull, Richard G. Hutcheson, Jr., William J. Hybels, Vida S. Icenogle, Dorothy Irvin, Evelyn Jensen, Alan F. Johnson, David W. Johnson, Robert K. Johnston, Rufus Jones, Kenneth S. Kantzer, Robert D. Kettering, John F. Kilner, Herbert V. Klem, Richard C. Kroeger, Harold E. Kurtz, Pauline H. Kurtz, Bruce Larson, Michael R. Leming, William H. Leslie, Arthur H. Lewis, Walter L. Liefeld, Zondra Lindblade, Helen W. Loeb, Richard N. Longenecker, Richard F. Lovelace, Deborah Olsoe Lunde, Kenneth H. Maahs, Faith M. Martin, James R. Mason, Alice P. Mathews, Dolores E. McCabe, Terry McGonigal, David L. McKenna, Lois McKinney, William A. Meyer, Hazel M. Michelson, A. Berkeley Mickelsen, Alvera Mickelsen, Eileen F. Moffett, Samuel H. Moffett, C. Sue Moore, Edward Moore, Graham Morbey, Mary Leigh Morbey, Elizabeth Morgan, Stephen C. Mott, Richard J. Mouw, Jeana Nieporte, William M. Nieporte, Alvaro L. Nieves, Arnold T. Olson, Daisy M. Washburn Osborn, LaDonna Osborn, T. L. Osborn, Grant R. Osborne, Grace Paddon, John Paddon, Elizabeth L. Patterson, Virginia Patterson, Richard Patterson, Jr., Philip Barton Payne, Robert W. Pazmino, Janet M. Peifer, William J. Petersen, Richard V. Pierard, Paul E. Pierson, Carolyn Goodman Plampin, Cornelius Plantinga, Jr., Christiane Posselt, Quah Cheng Hock, Robert V. Rakestraw, Sara Robertson, Lianne Roembke, Lydia M. Sarandan, Alvin J. Schmidt, Richard C. Schoenert, David M. Scholer, Jeannette F. Scholer, Robert A. Seiple, Ronald J. Sider, Lewis B. Smedes, James D. Smith III, Paul R. Smith, P. Paul Snezek, Jr., Klyne Snodgrass, Howard A. Snyder, Aida B. Spencer, William D. Spencer, Adele O. Sullivan, W. Nelson Thomson, Ruth A. Tucker, Mary Stewart Van Leeuwen, Joseph W. Viola, Virginia G. Viola, Emily Walther, George H. Walther, Patricia A. Ward, Timothy Weber, Van B. Weigel, Bruce Wilson, Earle L. Wilson, H. C. Wilson, Nicholas Wolterstorff, Linda R. Wright, Walter C. Wright, Jr., Louis H. Zbinden. (9/95)

Kopiereg Informasie
(c) 1989, Christene vir Bybelse Gelykheid. Toestemming om die stelling te herproduseer in sy volheid kan aangevra word by die nationale kantoor van CBG.

Christene vir Bybelse Gelykheid
122 West Franklin Rylaan, Stel 218, Mpls, MN 55404-2451
Telefoon: (612) 872–6898 **Faks:** (612) 872–6891
E-pos: cbe@cbeinternational.org www.cbeinternational.org